# LAERSKOOL KRUGERPARK

DURF AAN EN VOLHARD

# PROSPEKTUS

# Missie

*Dis die missie van ons skool om al sy onderwysers deur middel van indiensopleiding te ontwikkel en te verryk tot 'n uitnemende opvoeder wat deur kundige onderrig die kind lei en begelei tot produktiewe, verantwoordelike volwassenes. Onderwysers verbind hulself tot Christelike beginsels in vennootskap tussen skool, kerk en ouergemeenskap.*

# Visie

*Ons skool is by uitnemendheid geskoei op Christenskap wat die grondslag vorm waarop ons as opvoeders voortbou om verantwoordelike, kultuurbewuste leerders in hul Afrikaanse moedertaal op te voed en te onderrig.*

# Voorwoord:

Op ’n vraag hoe is die lewe kan ons verskillende antwoorde gee, maar wat beteken dit in ’n skool soos Laerskool Krugerpark?

Een persoon kry niks uit ’n klavier nie behalwe vals klanke wat nie sin maak nie, terwyl ’n ander persoon die mooiste klanke voortbring uit dieselfde instrument. Niemand sal ooit die klavier die skuld gee nie, die lewe is ook so, die wanklanke is daar maar ook die harmonie. Oefen hard en die klanke is mooi en soet, speel die lewe vals en dit bring wanklanke na vore. Dit is hoe die lewe is en dit is nie die lewe se skuld nie.

Dit maak nie saak waar ’n mens vandaan kom nie, maar dit maak saak waarheen jy oppad is. Die mens se bestemming in die lewe word grootliks bepaal deur die gesindheid wat jy openbaar teenoor die lewe waarin jy as mens funksioneer.

“’n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud”. Spreuke 22:1

Aan jou as nuwe Krugie, baie welkom by Laerskool Krugerpark, hier is so baie dinge waaraan jy kan deelneem en in presteer. Jou toekoms vir ’n gelukkige Krugie word deur jouself bepaal. Reis saam met personeel om die soet klanke in die lewe te ervaar en as ’n gelukkige Krugie die reis na die grootmens wêreld te ervaar.

*Rudolp W. Sockman / Solly Ozrovech*

Mnr. J. N. Jv Rensburg

Wnde. Hoof: Laerskool Krugerpark

# Agtergrond:

## ***Grondslag***

Laerskool Krugerpark staan op die grondslag van die Bybel as die Woord van God en pas dit toe in elke dag.  Die grondslag en karakter van Laerskool Krugerpark word verskans in sy grondwet, verwerklik deur personeel, oorgedra aan leerders, verbeeld in die skoolwapen, verwoord in die leuse en vergestalt in sy visie en missie.

Ons is ingestel op geheelkindontwikkeling, sodat elke leerder se potensiaal, optimaal ontwikkel kan word.  Die ontwikkeling kan slegs plaasvind indien die vennootskap tussen ouers en personeel, ’n eenheid vorm wat gesetel is in die Woord en Waardestelsel van ons skool.

# Missie

Dis die missie van ons skool om al sy onderwysers deur middel van indiensopleiding te ontwikkel en te verryk tot ’n uitnemende opvoeder wat deur kundige onderrig die kind lei en begelei tot produktiewe, verantwoordelike volwassenes. Onderwysers verbind hulself tot Christelike beginsels in vennootskap tussen skool, kerk en ouergemeenskap.

# Visie

Ons skool is by uitnemendheid geskoei op Christenskap wat die grondslag vorm waarop ons as opvoeders voortbou om verantwoordelike, kultuurbewuste leerders in hul Afrikaanse moedertaal op te voed en te onderrig.

# Geskiedenis van die Skool

'n Juniorskool is op 21 Januarie 1947 afgestig van die Laerskool Potgietersrust met 'n leerlingtal van 274.

Op 22Desember 1961 sluit die skool af met die benaming Juniorskool.

OP 29 Januarie 1962 word die Juniorskool as 'n tweede laerskool met 437 leerlinge geopen en word voorlopig die Tweede Laerskool genoem, met Mej. S.C. Odendaal as Hoof in dieselfde geboue wat tans die Arend Dieperink museum is. Daar is besluit dat daar so spoedig moontlik met die oprigting van die nuwe skool begin sal word op die terrein wat bekend gestaan het as President Kruger's Park.

Op 5 Februarie 1962 is die eerste skoolkomitee verkies, nl: Ds. Prinsloo (Voorsitter), Mnr. Terblanche (Ondervoorsitter), Mnr. De Villiers Odendaal (Sekretaris), Dr. Hunter, Mnr. van Niekerk, Mev. Pasch en Mnr. Erlank. Die skool se naam is later verander na Krugerparkse Laerskool.

Die nuwe skool word op 16 Januarie 1965 betrek met 522 leerlinge.

Die hoeksteenlegging het plaasgevind op 18 Januarie 1966.

Op 26 Maart 1966 is Laerskool Krugerpark amptelik ingewy deur Sy Edele die Administrateur Mnr. S.H.J. van Niekerk.

| | | |
|---|---|---|
| Eerste Skoolhoof: | Me. S.C. Odendaal | 1962 – 1969 |
| | Mnr. J.B Van Eeden | 1970 – 1976 |
| | Mnr. G.F. Prinsloo | 1977 – 1980 |
| | Mnr. A.G. Mans | 1982 – 2009 |
| | Mnr. C.R. Badenhorst | 2009 – 2010 (Waarnemend) |
| | Mnr. J.L. Vertongen | 2010 – Huidig |

Op 27 Maart 1987 is die 21ste verjaarsdag van die skool gevier, aangesien die amptelike inwyding op 26 Maart 1966 plaasgevind het. OP 27 Maart 2016 is Laerskool Krugerpark 50 jaar oud gewees en is 'n gedenkblad onthul.

# SKOOLSIMBOLE

## *DIE SKOOLLIED*

Om aan te durf ons leuse
om te volhard ons doel
Ons bou met lus en vreugde
Aan 'n toekoms wat daar wag
Ons wandel in sy lus

Wanneer ons werk of speel
En ons strewe bly altyd
Die skool te eer ons sal
Immer voorwaarts gaan
Heel ons kinder-skaar

Ons is geanker in jou naam
O Krugerpark

# SIMBOLIEK

## *WAAROM KRUGERPARK LAERSKOOL?*

**Die terrein waarop hierdie skoolgebou staan, dra die naam van een van die grootste leiers van die verlede. Die terrein was bekend as die "President Krugerpark".**

## *SKOOLWAPEN*

**Die skoolwapen bestaan uit 'n geel Geometriese Skild. Aan die bokant is 'n breë horisontale dwarsbalk met 'n arend met oopgespreide vlerke daarop. IN DIE MIDDEL VAN DIE SKILD, ONDER DIE DWARSBALK, IS 'n VERTIKALE BLOU PILAAR. Die leuse DURF AAN EN VOLHARD verskyn op 'n geel lint aan die onderkant van die skild. Die simboliek van die skoolwapen is as volg:**

## *DIE AREND*

**Koninklike posisie – Almag van God**

**Jeugdige krag en vlugheid**

**Ondersteuning van afhanklikes**

**Beskerming van swakkes**

**Skerpsiende oë - insig**

**Vaste greep van kloue – volharding**

**Waagmoed**

## *DIE PILAAR*

**Vastigheid en krag**

**Ondersteuning**

## *DIE LEUSE*

**Durf aan en Volhard**

# Die Arend

Die Arend word by Sport- en Kultuurgeleenthede as ’n simbool gebruik.



## ***SKOOLGELD***

- Betaalbaar oor 11 maande.
- Maandeliks betaalbaar voor die 7de van elke maand. (Januarie – November)

## ***WYSE VAN BETALING***

Kontant, bankinbetalings, debietorders, internetbetalings.

Bankbesonderhede is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Bank | : | ABSA Tjekrekening |
| Rekeninghouer | : | Laerskool Krugerpark |
| Rekeningnommer | : | 1210 490 066 |
| Takkode | : | 632 005 |
| | | |
| Verwysing | : | Kind se Naam en van en rede |

## ***ALGEMENE INLIGTING***

## ***ADRES:***

| **Straatadres:** | **Posadres:** |
|---|---|
| Laerskool Krugerpark<br>80 Van Riebeeckweg<br>Mokopane<br>0600 | Laerskool Krugerpark<br>Posbus 57<br>Mokopane<br>0600 |

| | | |
|---|---|---|
| Telefoon nommer | : | 015 491 5838 |
| Faks nommer | : | 015 491 2164 |
| E-pos | : | krugerpark@krugies.co.za |

# SKOOLREëLS

# ***Gedragskode vir Leerders.***

## *1. Inleiding*

Hierdie dokument is die gedragskode van Laerskool Krugerpark, soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beheerliggaam het die ouers, leerders en opvoeders van die skool oor die inhoud van die gedragskode geraadpleeg. Die gedragskode is opgestel in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; Riglyne vir Gedragskode vir Leerders (Algemene Kennisgewing 776 in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998); die Regulasies met betrekking tot Apparate vir Dwelmtoetsing en die Prosedure wat gevolg moet word (GK 1140 in Staatskoerant 31417 van 19 September 2008); Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (GK 1040 in Staatskoerant 22754 van Oktober 2001, soos gewysig) en toepaslike provinsiale wetgewing.

## *2. Doel*

Hoewel die Staat verplig bly om opvoeding beskikbaar en toeganklik te maak, moet dít aangevul word met die toewyding en verbintenis van verantwoordelike rolspelers, naamlik opvoeders, leerders en ouers. Hierdie gedragskode is bedoel om sodanige toewyding en verbintenis te bevorder.

Die doel van hierdie gedragskode is om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing te vestig wat toegewy is aan die bevordering en handhawing van die gehalte van die leerproses.
Die gedragskode onderskryf die skool se missiestelling.
Leerders en hul ouers/voogde moet hulself van die skool se gedragskode en die bepalings daarvan vergewis. Sodra leerders by die skool/koshuis ingeskryf is, is hulle onderworpe aan die gedragskode, en moet hulle dit stiptelik nakom. Indien leerders die gedragskode oortree of minag, sal daar ooreenkomstig die dissiplinêre prosedure vir leerders teen hulle opgetree word.

## *3. Gedragskode*

**Algemene reëls**

3.1 Leerders sal hulle te alle tye as goeie ambassadeurs van die skool en ooreenkomstig die etiekkode van die skool gedra.

3.2 Terwyl leerders in die skool se drag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle in die oë van die publiek met die skool te verbind, of terwyl leerders die skool verteenwoordig, hetsy direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, sal hulle hulself van enige gedrag weerhou wat die skool, personeel of hul mede- leerders in 'n slegte lig kan stel.

3.3 In hul wisselwerking met die skoolhoof, adjunkskoolhoof, opvoeders en ander skoolpersoneel, moet leerders te alle tye die nodige hoflikheid en respek betoon en hulle weerhou van optrede wat op oneerbiedigheid of opstandigheid neerkom.

3.4 In hul wisselwerking met mekaar, moet leerders sover moontlik selfbeheersing aan die dag lê en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend, of wat daartoe kan aanleiding gee. Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen leerders op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool uitgeken kan word, is streng verbode.

3.5 'n Opvoeder van die skool sal oor dieselfde regte as 'n ouer beskik wat betref die beheer en dissipline van die leerder volgens die gedragskode, sowel gedurende die leerder se skoolbywoning as gedurende enige skoolaktiwiteit.

3.6 Leerders mag nie in die klaskamer of saal eet of drink nie. Die kou van kougom gedurende skoolaktiwiteite is verbode.

3.7 Die volgende is verbode speelterrein en mag slegs onder toesig van personeel betree word: Swembad area, krieket area, Graad R fasiliteit, personeelkamer, personeelkombuis, personeelbadkamers, administratiewe gebou en skoolsaal.

3.7 Selfoongebruik gedurende skoolaktiwiteite is streng verbode. Oproepe mag slegs in noodgevalle en met die toestemming van die skoolhoof gemaak word.

3.8 Die rook, besit en/of gebruik van tabakmiddels, drank, ander alkoholiese middels of dwelmmiddels gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is, is verbode.

3.9 In geval van 'n redelike vermoede dat leerders hulself aan 'n oortreding van hierdie gedragskode of die landswette skuldig gemaak het, het die skoolhoof of 'n opvoeder die reg om sodanige leerders en/of die eiendom in hul besit vir enige gevaarlike wapens, gewere,

dwelms of ander skadelike en gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal te deursoek wat die leerders moontlik op die skoolterrein kon bring. Sodanige leerders se menswaardigheid sal deurentyd gerespekteer word, en dus sal die deursoeking privaat, deur persone van dieselfde geslag, en in die teenwoordigheid van nóg 'n persoon geskied. Die deursoekingsproses en -uitkoms moet opgeteken word.

3.10 Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die skool onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.11 Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

3.12 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

a. optrede wat ander se veiligheid bedreig en wat die regte van ander skend;
b. die besit, dreigement of gebruik van gevaarlike wapens;
c. die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
d. bakleiery, aanranding of mishandeling;
e. onsedelike gedrag of 'n gevloek;
f. die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
g. enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
h. diefstal of die besit van gesteelde goedere, wat die diefstal of besit van toets- of eksamenvraestelle voor sodanige toets of eksamen insluit;
i. onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skooleiendom wat die aanbring van graffiti sou insluit;
j. oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skoolpersoneel of -leerders;
k. herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
l. strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
m. viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander leerders;
n. die oortreding van eksamenreëls; en
o. opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

3.12 Kennisgewing bord:

- Leerders mag nie kennisgewings of ander stukke op die kennisgewing bord of elders aanbring of verwyder nie, sonder die hoof/ adjunkhoof se toestemming nie.
- Alle kennisgewings moet die handtekening van die adjunkhoof/ hoof bevat.

3.13 Administratiewe kantoor/ blok:

- Leerders mag onder geen omstandighede vrylik na die personeelkamer, afrol-kamer en/ of algemene kantoor gaan nie.
- Leerders mag slegs gedurende klastyd rond beweeg met die toestemming van 'n onderwyser.

3.14 Kleedkamers

- Dit is die vertoonvenster van ons skool en mag net gebruik word vir die doel waarvoor dit daar is. Leerders mag nie in die kleedkamers rondstaan, gesels of speel nie.
- Leerders moet 'n passie vir netjiese kleedkamers ontwikkel, dit toon nie net self-respek nie, maar ook respek teenoor mede-leerders.
- Daar mag onder geen omstandighede in die kleedkamers gerook word nie.

3.16 Geen leerder mag op die terrein handeldryf of goedere verkoop nie.

3.17 Geen vorm van dobbelary word op die skoolterrein toegelaat nie.

3.18 Die volgende is verbode speelterrein en mag slegs onder toesig van personeel betree word: Swembad area, krieket area, Graad R fasiliteit, personeelkamer, personeelkombuis, personeelbadkamers en skoolsaal.

## *4. Dissiplinêre stelsel*

**DISSIPLINE STELSEL**

**KINDGERIG**

**Ons doel is om ouers ingelig te hou van u kind se vordering en of geen vordering by Laerskool Krugerpark.**

**Ons maak gebruik van 'n puntestelsel met meriete punte en negatiewe punte.**

**(Die volledige stelsel is in die gedragskode vervat.)**

**MERIETE STELSEL**

**Leerders kan positiewe (meriete) punte op die volgende maniere verkry:**

**1. Kategorie A: Leerder ontvang 5 positiewe punte vir die volgende handelinge:**

**A1 -** 3 x volpunte vir 'n tafel of speltoets

**A2** - Akademiese vordering

**A3** - Sportprestasie (Limpopo deelname en kleure ontvang)

**A4** - Kultuurprestasie

**A5** - Eerlikheid

**A6** - Deursettingsvermoë

**A7** - Hulpvaardigheid

**A8** - Verantwoordelikheid

**A9** - Uitstaande goeie gedrag in die klas.

**2. Kategorie B: Leerder ontvang 10 positiewe punte vir die volgende handelinge:**

**B1** - Top 15 Akademies in die graad

**B2** - Van 07:00 - 15:00 hulp by sport of kultuur aktiwiteite

**B3** - Sportprestasie (SA deelname)

**B4** - Kultuurprestasie (SA deelname)

**3. DOVERKNOPIES word dan ontvang by die volgende punte:**

| | | |
|---|---|---|
| 50 punte | - | Deursettingsvermoë |
| 100 punte | - | Omgee |
| 150 punte | - | Verantwoordelikheid |
| 200 punte | - | Eerlikheid |
| 250 punte | - | Respek |
| 300 punte | - | AMBASSADEUR |

**** Let Wel: Om 'n DOVER of AMBASSADEUR'S knopie te ontvang, moet die leerder ook minder as -50 de-meriete punte hê.****

## ***NEGATIEWE PUNTE***

| KATEGORIE A OORTREDINGS | KATEGORIE B OORTREDINGS |
|---|---|
| **Sodra ‘ ’n leerder -100 punte versamel het, is daar detensie.** | **Sodra ’n leerder -200 punte versamel het moet die ouers en die leerder ’n Dissiplinêre onderhoud met die onderwysers en Dissiplinêre hoof bywoon.** |
| **KATEGORIE C OORTREDINGS**<br><br>**Sodra ’n leerder -300 punte versamel het volg ’n dissiplinêre verhoor.** | |

# Opsomming van Kategorieë

| KATEGORIE A/ CATEGORY A | | | |
|---|---|---|---|
| **Oortreding** | Kode<br>Code | Punte<br>Points | **Offence** |
| Disrespekvolle/ Oneerbiedige/ Opstandige en/of Onbeskofte gedrag (Hans, Terug praat en vloek) | 3.3 | -20 | Disrespectful/Rebellious and/ or Rude behaviour (Cheeky, Back chat and swearing) |
| Elektroniese toerusting: nie toelaatbaar insluitende selfone en/ of Ipods en/ of Skootrekenaars en/ of enige ander elektroniese toerusting word by die skool toegelaat nie. | 3.6 | -50 | Electronic equipment: not allowed, including Cell phones, and/ or IPods, and/ or Tablets and/ or Laptops and/ or any other electronic equipment is allowed at school. |
| Onregmatige toegang en/of gebruik tot administratiewe blok en/of personeelkamer en/of afrolkamer en/of personeel badkamer | 3.14 | -20 | Unlawful entry and/ or use of administration building and/ or staffroom and/ or copy room and/or staff bathrooms. |
| Kleedkamer: rondstaan, en/of gesels, en /of speel en/of in verkeerde kleedkamer | 3.16 | -50 | Bathrooms: Socialize, and/ or play |
| Handel dryf en/ of goedere verkoop | 3.18 | -50 | Trading and/ or Sales |
| Ignoreer opdrag: Akademie en/ of Dissipline en/of Omgewing | 4.3 | -50 | Ignore instruction: Academic and/ or Discipline and/ or Environment |
| Hoofbedekking: nie toelaatbaar | 5.1.4 | -20 | Headgear: not allowed |
| Voorkoms: Hare | 5.2.1 | -10 | Appearance: Hair |
| Voorkoms: Juwele | 5.2.2 | -10 | Appearance: Jewellery |
| Voorkoms: Naels | 5.2.3 | -10 | Appearance: Nails |
| Voorkoms: Grimering | 5.2.4 | -10 | Appearance: make up |
| Voorkoms: Skooldrag onnet en/ of inkorrek by skool | 5.1.2 | -10 | Appearance: Uniform untidy and/or incorrect on school premises |
| Klere drag inkorrek: Buitemuurse aktiwiteite | 6.1.1 | -20 | Alternative uniform incorrect: Extra mural activity uniform |
| Buitemuurse aktiwiteit: onregmatige afwesigheid en/ of span in die steek laat. | 6.1.2 | -100 | Extra Mural activity: Unlawful absenteeism and/ or leaving team in the lurch. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ignoreer opdrag: Buitemuurse Aktiwiteit: toeskouer | 6.2.2 | -50 | Ignore instruction: Extra Curricular: Spectator |
| Kennisgewings: nie aan ouer/ voog oorhandig/ skeurstrokie nie terug gebring | 9.1 | -100 | School Notices: Not handed to parent/ guardian, reply slip not returned. |
| Ontwrigting: klas | 10.1 | -20 | Disruption: class |
| Huiswerk nie gedoen (x3 Al drie datums moet aangeteken word) | 10.4 | -10 | Homework not done (x3 - all 3 dates to be recorded) |
| Klaswisseling: beweeg in groepe/besoek kleedkamer sonder toestemming / en of laat vir klas | 10.7 | -10 | Changing of classes: Chatting in groups/ visits to restroom without permission/ and or late for class |
| Fiets: nie in fietsloods | 12.5 | -20 | Bicycle: Not in bicycle shed |
| Fietsloods: onregmatige toegang | 12.6 | -20 | Bicycle shed: Unlawful entry |
| Stiptelikheid: laat vir skool en/of skool aktiwiteit | 13.1 | -50 | Punctuality: late for school |
| Verlaat van skool terrein sonder toestemming en/of onregmatige toegang en/of buite die heining. | 14.6 | -100 | Leaving school premises without permission. |
| Afbakening van terrein: onregmatige toegang/ buite heining/ speel op verbode terrein/ speel op verkeerde speel terrein | 14.8 | -50 | Fencing of grounds: Unlawful Entry/ exit and/ or playing on prohibited area/ playing on wrong playing area. |
| Afwesig: klas (bunk) | 14.8 | -100 | Absent: lesson (bunk) |
| Rommelstrooi/Bemors/ Bekrap: skoolgronde en/of geboue en/of meubels | 14.2 | -50 | Littering/ Damaging: School grounds and/or School buildings and/ or school furniture |
| Optrede: Gevaar (bv. spoeg/ klappers/ ruk stoel onder ander uit/ gooi van voorwerpe/ byt van medeleerling/ krap op ander persoon met 'n voorwerp) | 14.5 | -50 | Action: health risk (spit/ crackers) |
| Ignoreer instruksie: omgewing | 14.7 | -20 | Ignoring instruction: Environment |
| Pouse: onregmatige toegang tot klas lokale en/ of saal en/of krieket area | 3.18 | -50 | Break: unlawful entry to classrooms and/ or School Hall |
| Onregmatige toegang tot swembad area | 3.18 | -100 | Unlawful entry to swimming pool area |
| Tuine: Verniel en/ of verwoes | 7.5 | -50 | Gardens: Damage and/ or destroy |
| Skryfbehoeftes en/ of benodighede | 3.10 | -10 | Stationary |
| Huiswerk boek nie by die skool nie. | 3.10 | -100 | Homework book not at school |
| Eet en/ of kougom kou gedurende skool aktiwiteite en / of in die klaskamer. | 3.6 | -20 | Eating and or chewing gum during school activities or in the classroom |
| Skiet van blaaspypie (pea shooter) | 13.12b | -100 | Using a pea shooter |
| Steek ander se eiendom weg en/ of krap in ander se eiendom | 7.4 | -20 | Hiding other people's stuff. |

## KATEGORIE B/ CATEGORY B

| Oortreding | Kode | Punte | Offence |
|---|---|---|---|

| | Code | Points | |
|---|---|---|---|
| Rook: gebruik/in besit van tabak produkte | 3.8 | -200 | Smoking: use/ in possession of tobacco products |
| Aanneem of voorhou van vals identiteit, en/of weiering om self te identifiseer | 3.12.f | -200 | Adopting or assuming a false identity and/ or refusal to provide |
| Ignoreer opdrag: Buitemuurse Aktiwiteit: Afrigter en/ of Sport hoof en/ of Opvoeder en/ of skeidsregter en/ of beoordelaar en/ of span kaptein. | 6.1.3 | -200 | Ignore instruction: Extra Curricular: Coach and/ or Head of Sport and/ or Educator and/ or Referee and/ or Adjudicator and/ or Team Captain. |
| Buitemuurse aktiwiteite: Onsportiewe gedrag/ vuil of beledigende taal/ betrokkenheid gevegte of voorvalle/ vuil of onbehoorlike spel | 6.1.4 | -200 | Extra-Curricular Activities: Unsportsmanlike behaviour/ Use of foul or offensive language/ involved in fights or incidents/ foul or improper play |
| Buitemuurse aktiwiteite: Toeskouer: onbehoorlike gedrag | 6.2.1 | -200 | Extra-Curricular Activities: Spectator: Indecent behaviour |
| Afwesig: sonder toestemming (stokkiesdraai) | 13.2 | -200 | Truancy |
| Slagspreuke (Graffiti), plakkers, plakkate enige dergelike dinge aan enige skool oppervlak | 14.6 | -200 | Slogans (graffiti), stickers, posters and the like on any surface at school. |

## KATEGORIE C/ CATEGORY C

| Oortreding | Kode<br>Code | Punte<br>Points | Offence |
|---|---|---|---|
| Naam van skool in onguns bring | 3.2 | -300 | Name of school in disrepute |
| Seksuele / Onbehoorlike fisiese kontak | 3.4 | -300 | Sexual/ Improper physical contact |
| Die besit/ vertoon/ verspreiding/ skepping/ vervaardiging of produksie van pornografiese materiaal in gedrukte, elektroniese of enige ander formaat, gedurende enige skoolaktiwiteit of wanneer leerders in skooldrag geklee is en deur die publiek as leerders van die skool geïdentifiseer word, is verbode. | 3.9 | -300 | The possession/ display/ distribution/ creation/ manufacture or production of pornographic material in printed/ electronic or any other format, during any school activity or when learners are dressed in school uniform and identifiable as learners of the school by the public, is prohibited. |
| Optrede: bedreig veiligheid/ skend regte | 3.12.a | -300 | Conduct: poses threat to safety/ infringes upon rights |
| Gevaarlike Wapens: besit/ dreigement/ gebruik | 3.12.b | -300 | Dangerous Weapons: in possession/ threatening/ using |
| Besit/ gebruik/ verhandeling/ sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms/ alkohol/ bedwelmende middels van enige aard en/of onder die invloed. | 3.12.c | -300 | Possession/ use/ trading/ visible sign of narcotic or unauthorised drugs/ alcohol/ intoxicating substances of any nature and/ or under the influence. |
| Bakleiery/ Aanranding/ Mishandeling | 3.12.d | -300 | Fighting/ Assault/ Abuse |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onsedelike gedrag | 3.12.e | -300 | Indecent behaviour |
| Haatspraak/ Seksisme/ Rassisme of ander antisosiale gedrag | 3.12.g | -300 | Harmful graffiti/ hate speech/ sexism or racism |
| Diefstal of besit van gesteelde goedere/ insluitende diefstal of besit van toets of eksamen vraestelle voor sodanige toets of eksamen. | 3.12.h | -300 | Theft or the possession of stolen goods/ including the theft or possession of test or examination papers before such test or examination has been conducted |
| Onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, die vernietiging of beskadiging van skool eiendom insluitende graffiti | 3.12.i | -300 | Unlawful conduct towards and/or vandalising/ destroying or damaging school property |
| Oneerbiedigheid/ aanstootlike gedrag en/of verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool personeel en/ of leerders | 3.12.j | -300 | Disrespectfulness, offensive behaviour and/or verbal abuse aimed at educators or other staff and/ or learners |
| Herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode | 3.12.k | -300 | Repeated violations of school rules or this Code of Conduct |
| Strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en/of geslagsgebaseerde teistering. | 3.12.l | -300 | Criminal and oppressive behaviour, such as rape and gender-based harassment; |
| Viktimisasie, afknouery en intimidasie van personeel en/ of ander leerders. | 3.12.m | -300 | Victimisation, bullying and intimidation of staff and/or other learners. |
| Opsetlike en/ of bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom. | 3.12.o | -300 | Intentionally and/or knowingly providing false information, or forging documents, in order to obtain an unfair advantage. |
| Skool Eiendom en/ of Apparaat: Beskadig, skend, vernietig, misbruik, verniel en/ of verwyder. | 7.3 | -300 | School Property: School: damage, deface, destroy, misuse, vandalise. |
| Eiendom: Personeel/ mede-leerder/ besoeker en/of lede van publiek: beskadig, merk, skend, vernietig - insluitende op skoolterrein, in onmiddellike omgewing, by of naby plek van skool aktiwiteit, sowel as voertuig waarmee leerders vervoer is, insluitende enige eiendom daarop. | 7.4 | -300 | Property: Staff member/ fellow learner/ visitor and or member of public: damage, mark, handle, deface, destroy - incl. on school premises, in the immediate vicinity of the school, at or near the venue of any school activity, as well as any vehicle with which learners are transported, and property contained therein. |
| Oneerlikheid: toets of eksamen | 11.2 | -300 | Dishonesty: test or examination |

## 5. Leiers

Laerskool Krugerpark maak gebruik van leerders as leiers om te help met orde. Die volgende leiers is by Laerskool Krugerpark:

a. Klasleiers word in elke klas aangewys.

b. In graad 6 word 25% van die graadgroep, volgens 'n stelsel, verkies tot skoolleiers vir die volgende jaar.
c. Skoolleiers tree ook op as skolierpatrollie om te help met die veiligheid van leerders.

## *6. Stiptelikheid*

6.1 Leerders sal op die bestemde tyd aan die begin van die skooldag en met die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit opdaag. Wanneer leerders laat kom, moet hulle 'n skriftelike verskoning van hul ouers verskaf. Leerders wat laat opdaag, moet eers by die kantoor aanmeld voordat hulle na hul betrokke klas gaan.

6.2 Skool begin 07:00 en eindig 13:30.

12.2 Elke oggend om ***7:00 lui die skoolklok***, waarna leerders dan moet aantree.

12.3 Alle hekke sal teen 7:00 gesluit word.

## *7. Gedrag in die kleedkamer*

- Geen leerder word in personeel kleedkamers toegelaat nie.
- Kleedkamer is nie 'n vergaderplek nie. Geen saamdrommery, etery of gekuier word in kleedkamers toegelaat nie.
- Leerlinge moet hou by kleedkamerindeling.
- Beskadiging van eiendom, bv. Krap op vloerteëls, enige merke met enige voorwerp, bolle nat papier teen plafon, breekskade ens, in ontoelaatbaar.
- Seuns word nie in meisies se kleedkamers toegelaat nie en andersom.

## *8. DRAG*

### SKOOLDRAG

**Reëls met betrekking tot voorkoms en skooldrag**

- Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure én ander skoolaktiwiteite soos wat die beheerliggaam bepaal, gedra word.
- Skooldrag moet altyd skoon en netjies wees. Wat onderhemde betref, mag seuns slegs 'n effekleurige, wit onderhemp dra wat onder geen omstandighede sigbaar mag wees nie.
- Kleredragreëls:

### *VOORKOMS: LEERDERS*

**Somersdrag: Meisies**

| | |
|---|---|
| Rok | Blou skoolrok |

| | |
|---|---|
| Skoene | Swart skoolskoene : toeryg of gespe, Moet gepoleer kan word.<br>Graad 1, 2, 3, 4 en 5 dogters mag in die somer kaalvoet skooltoe kom.<br>Graad 6 en 7 dogters moet skoene en kouse dra. |
| Kouse | Kort blou skoolsokkies met geel strepies, |
| Trui (opsioneel) | Blou skooltrui met v-hals – mouloos of langmou. |
| Sweetpakbaadjie | Sweetpakbaadjie mag oor die rok gedra word indien die weer dit vereis in somer. Indien 'n baadjie gedra word in die Seniorskool moet skoolskoene en kort blou kousies gedra word. Indien die baadjie in die Juniorskool gedra word kan leerders kaalvoet kom. |
| Skipants | Blou skipant onder rok moet gedra word – mag nie uit steek nie. |
| LO2 - drag | Navy LO hemp met navy kortbroek of sportdrag .<br>Leerders kom met LO2 drag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Tekkies is verpligtend |
| Juwele - horlosie | Slegs polshorlosie mag gedra word. |
| Ringe | Slegs een seëlring.<br>Geen naeltjieringe.<br>Geen toonringe.<br>Geen hangertjies.<br>Slegs mediese bandjies mag gedra word. |
| Oorkrabbertjies | "Studs" en ringetjies – silwer of goud.<br>Slegs een oorkrabbertjie in elke oorbel aan die onderkant.<br>Die skool se oorbelle. |
| Hare | Kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie.<br>Geen haarkleursel of strepe mag aangewend word nie.<br>Indien hare langer as skouerlengte is (aan die ronding van die kraag raak) moet dit netjies vasgebind word.<br>Linte – slegs wit, blou of geel mag gedra word.<br>Vals haarstukke of vlegsels is verbode<br>Etniese hare moet kort wees, geen gepluiste hare, geen ingesnyde patrone of rast-vlegsels is toelaatbaar nie. |
| Haarknippe | Gepaste aanvaarbare grootte – wit, bruin, blou of geel |

**Somersdrag: Seuns**

| | |
|---|---|
| Broek | Kort bloubroek. |
| Hemp | Kortmou ligblouhemp saam met blou broek. |
| Trui (opsioneel) | Blou skooltrui met v-hals – mouloos of langmou. |
| Kouse | Blou langkouse met geel strepe in. |
| Skoene | Swart toerygskoene of Bronx – geen bootse.<br>Moet gepoleer kan word. Graad 7 seuns moet skoene en kouse dra.<br>Graad 1, 2, 3, 4, 5 en 6 seuns mag in die somer kaalvoet skooltoe kom. |
| Sweetpakbaadjie | Sweetpakbaadjie mag oor klere gedra word indien die weer dit vereis in somer. Indien 'n baadjie gedra word in Seniorskool moet skoolskoene en kouse<br>gedra word. Indien die baadjie in Juniorskool gedra word, kan leerders kaalvoet skooltoe kom.<br>Sweetpak mag nie ingeheel gedra word nie. |

| | |
|---|---|
| LO2 – drag | Navy LO hemp met navy kortbroek of sportdrag .<br>Leerders kom met LO2 drag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Tekkies is verpligtend. |
| Juwele – horlosie | Slegs polshorlosie mag gedra word. |
| Hare<br>• | Kort en netjies – nie mode giere nie<br>Kort om ore<br>Korter as die kraag<br>Kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie<br>Geen haarkleursel of strepe nie.<br>Wanneer die hare afgekam word, mag dit nie die wenkbroue raak nie.<br>Wangbaard ("sideburns") kan tot by die middel van die oor strek.<br>Hare moet agter reëlmatig opgesny word.<br>Hare mag nie uitermate van die kop wegstaan nie.<br>Geen vreemde haarstyle word toegelaat nie.<br>Haarstyle wat onder uitgeskeer of -geknip word, oftewel "undercuts", is verbode.<br>Etniese hare moet kort wees, sonder ingesnyde patrone |

## ***Drag van Leerders tydens saalopeninge en funksies:***

- Volledige somersdrag met oortrektrui.
- Seuns en dogters moet skoene en voorgeskrewe kouse dra.
- Hare moet baie netjies wees. Indien dogters lang hare het moet dit vasgemaak word.
- Hoofleiers dra skoolbaadjie met wit hemp en ander leiers slegs wit hemp saam rompie (dogters) of kort broek (seuns).

**Wintersdrag: Meisie.**

| | |
|---|---|
| Rok | Blou skoolrok |
| Serp | Blou serpe wat beskikbaar is by die skool. |
| Trui (opsioneel) | Blou skooltrui met V-hals – mouloos of langmou of sweetpakbaadjie. |
| Handskoene | Slegs blou handskoene. |
| Kouse | Blou lang kouse met geel strepie, of dik navy blou sykouse.<br>**GEEN** gebreide sykouse of lang kouse oor sykouse is toelaatbaar nie. |
| Skoene | Swart skoolskoene: toeryg of gespe. Moet gepoleer kan word. |
| Langbroek | Blou skoollangbroek. |
| Hemp | Ligblou dogtershemp met ronde kraag |
| Sweetpak | Volledige sweetpak met navy blou LO2 hemp of sportdrag hemp of die dogters se blou wintersdrag hemp.<br>Tekkies is verpligtend |
| LO2 – Drag | Tydens wintermaande kan leerders volledige sweetpak met navy LO hemp of sportdrag hemp dra.<br>Leerders kom met LO2 drag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Tekkies is verpligtend. |

**Wintersdrag: Seuns**

| | |
|---|---|
| Broek | Lang bloubroek of blou kortbroek |
| Hemp | Blou kortmou hemp |
| Serp | Blou serpe wat beskikbaar is by die skool. |
| Trui (opsioneel) | Blou skooltrui met V-hals – (mouloos of langmou) of sweetpakbaadjie. |
| Handskoene | Slegs blou handskoene. |

| | |
|---|---|
| Skoene | Swart toerygskoene of Bronx wat gepoleer kan word (teen stewels). |
| Kouse | Blou met geel strepe |
| Sweetpak | Volledige sweetpak met navy blou LO2 hemp of sportdrag hemp of die seuns se blou skoolhemp.<br>Tekkies is verpligtend |
| LO2 – drag | Tydens wintermaande kan leerders volledige sweetpak met navy LO hemp of sportdrag hemp dra. Leerders kom met LO2 drag skooltoe om te voorkom dat klere verlore raak. Tekkies is verpligtend. |

## ***Algemene bepalings:***

- Op hul verjaarsdae mag leerders gewone klere aantrek skool toe, meisies se hare steeds netjies en vas.
- Wintersdrag word vanaf April-maand gedra. Die datum sal aangekondig word.
- Gewone reënjas/sambreel mag gebruik word.
- Geen musse of hoofbedekkings buiten dié wat in die kleredragreëls voorgeskryf word, mag gedra word nie.
- **GEEN** komberse of warm watersakke word toegelaat by skool nie.

## ***Juwele:***

- Geen juwele, soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings, word toegelaat nie.
- Slegs polshorlosies word toegelaat.
- Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbrou juwele, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard- goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.
- Geen steentjies van enige aard word toegelaat nie.

## ***Naels:***

- Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak mag gedra word nie.

## ***Grimering:***

- Geen maskara, oogomlyner, lipstiffie of blosser word toegelaat nie.

## SPORTDRAG

| **NETBALDRAG** | |
|---|---|
| Romp | Blou netbalromp by Me Vogel beskikbaar. |
| Hemp | Blou moulose hempie by Me Vogel beskikbaar |
| Kouse | Blou kouse met skool se naam |
| "Skitpants" | Blou broekie onder rompie |

| | |
|---|---|
| Skoene | Sportskoene/Tekkies – oorwegend wit. |
| Oop span | Hemp en rompie/rokkie wat vasgemaak is vir 5 jaar |
| A-drag | Wit hemp met blou romp/langbroek |
| **MINI-NETBALDRAG** | |
| Hemp | Blou moulose sporthemp |
| Rompie | Blou skool rompie |
| Kouse | Blou kouse met skool se naam |
| "Skipants" | Blou broekie onder rompie |
| Skoene | Tekkies |
| **TENNISDRAG - DOGTERS** | |
| Romp | Blou netbalromp by Me Vogel beskikbaar |
| Hemp | Blou moulose hempie by Me Vogel beskikbaar of geborgde hemp (A-span) |
| "Ski-pants" | Blou broekie onder rompie |
| Kouse | Blou kouse met skool se naam |
| Skoene | Tennis- of sportskoene |
| **TENNISDRAG - SEUNS** | |
| Broek | Seuns blou sportbroek |
| Hemp | Blou hemp met mou vir seuns of geborgde hemp (A-span) |
| Kouse | Blou kouse met skool se naam |
| Skoene | Tennis- of sportskoene |
| **SWEMDRAG - DOGTERS** | |
| Swembroek | Eenstuk swembroek – blou of swart. |
| Swempet (verpligtend) | Blou en geel gedruk. |
| Sweetpak | Skoolsweetpak. |
| **SWEMDRAG - SEUNS** | |
| Swembroek | Blou of swart speedo. |
| Swempet (verpligtend) | Blou en geel gedruk. |
| Sweetpak | Skoolsweetpak. |
| **RUGBYDRAG** | |
| Trui | Skool rugbytrui. |
| Broek | Blou rugbybroek. |
| Sweetpak | Skoolsweetpak wanneer vertrek na ander skole |
| 1 ste Span | Geborgde trui wat vir 5 jaar vas gemaak is |
| Bus drag | Blou Krugie hemp of span rugbytrui |
| A-drag | Wit hemp, blou lang/kortbroek en Krugie das |
| **BULLETJIERUGBYDRAG** | |
| Trui | Skool rugbytrui. (Bulletjie trui) |
| Broek | Blou rugbybroek. |
| Hemp | Wit (lang- of kortmou)/Geborgde hemp (Eerste span) |
| Broek | Wit (lang- of kortbroek). |
| Trui | Blou skooloortrektrui. |
| **ATLETIEKDRAG – SEUNS EN DOGTERS** | |
| Broek | Blou atletiekbroekie |
| Hemp | Seuns: Hemp met mou/mouloos.<br>Dogters: Hemp sonder mou. |
| Sweetpak (opsioneel) | Skoolsweetpak moet volledig gedra word. |
| Skoene | Tekkies – oorwegend wit. |
| Bus drag | Sweetpak met Atletiekdrag soos bo |

| | |
|---|---|
| **HOKKIEDRAG** | |
| Romp | Blou netbalromp. |
| Hemp | Blou moulose hempie. |
| "Skipants" | Blou broekie onder rompie |
| Kouse | Blou en geel strepe kouse. |
| Skoene | Sportskoene/Tekkies - |
| 1 ste span | Hemp en rompie wat vasgemaak is vir 5 jaar |
| A-drag | Wit hemp met blou langbroek/romp |
| **LANDLOOP** | |
| Broek | Blou sportbroekie |
| Hemp | Blou sport moulose hemp |
| Skoene | Tekkies |
| **BERGFIETS** | |
| Hemp | Bergfiets hemp |
| Broek | Fietsrybroek |
| Kouse | Geborgde geel kouse anders blou sportkouse |
| Skoene | Fietsry skoene of tekkies |
| **GHOLF** | |
| Hemp | Geborgde hemp/ Krugerpark sporthemp met moue |
| Broek | Chino tipe broek |
| Kouse | Enige kouse |
| Skoene | Gholf skoene/Tekkies |
| **TROMPOPPIES** | |
| **Somer Spandrag** | Geborgde kortmou hemp, blou kortbroek, tekkies en kouse |
| | Hare in bolla met net en schrunchie, |
| **Winter Spandrag** | Geborgde kortmou hemp of langmou hemp, blou lang denim, skool sweetpak baadjie of geborgde drimac, tekkies en kouse. |
| | Hare in bolla met net en schrunchie |
| **Small drill** | Rok, baadjie, wit handskoene, sykouse, blou skipants broekie, wit bootse/stewels, wit busby/verehoed, |
| | Hare in bolla met net en schrunchie |
| **Vlaggroep** | Rok, baadjie, wit handskoene, sykouse, blou skipants broekie, wit bootse/stewels, wit busby/verehoed, |
| | Hare in bolla met net en schrunchie of lint versierings rekkie |
| **Pom Pom** | Langmou t-hemp, swart langbroek, wit handskoene, swart kouse met swart Tommy tekkies |
| | Hare in bolla met net en lint versierings rekkie |
| **Baton** | Baadjie,swart langbroek, wit handskoene, swart kouse met swart Tommy tekkies |
| | Hare in bolla met net en lint versierings rekkie |
| **Junior Pom Pom** | Langmou T-hemp, swart langbroek, wit handskoene, swart kouse met swart Tommy tekkies |
| | Hare in bolla met lint versierings rekkie |

***Baie belangrik:***

*'n Volledige skoolsweetpak met tekkies word by alle sportsoorte gedra of soos deur die afrigter gereël*

## *9. KLASWISSELING*

- Geen leerders mag tydens klastyd buite rondbeweeg sonder toestemming nie.
- Alle leerders woon klasse by volgens die daaglikse skoolrooster.
- Geen etery sal in klasse geduld word nie.
- Aan die einde van 'n periode sal die personeellid die klas opdrag gee om hul boeke weg te pak en te verdaag.
- Leerders mag nie oor die grasperk loop tydens klaswisseling nie.
- Leerders hou altyd links en loop agter mekaar tydens klaswisseling.
- Geen speletjies is toelaatbaar tydens klaswisseling nie.
- Klaswisseling moet flink en vinnig afgehandel wees.
- Wanneer leerders die klaskamer binnestap, moet hulle stil wees.
- Tydens wisseling beweeg onderwysers na buite op die stoep.
- Tydens pouses en voor skool mag geen leerder sonder toestemming in klaskamers wees nie. Klaskamers word pouses gesluit.
- Geen snoepie aankope mag tydens klastyd of gedurende wisseling plaasvind nie. Onderwyser mag geen leerder in klastyd of gedurende wisseling stuur vir aankope by snoepie nie.

## *10. Handboeke en skrifte*

- Alle handboeke en skrifte in 'n leerling se besit bly die eiendom van die skool. Die netjiese versorging en goeie instandhouding van alle boeke is dus 'n vereiste.
- Geen gekrap in handboeke sal geduld word nie.
- Alle handboeke moet netjies met deurskynende plastiekmateriaal oorgetrek wees.
- Verlore boeke of beskadigde boeke sal deur die ouer vervang of betaal moet word.
- Handboekkontrole word kwartaalliks gedoen.

## *11. Afwesighede van leerlinge*

- Kinders wat terugkeer na 'n afwesigheid moet 'n nota vanaf die ouers of geneesheer toon. 'n Dokterssertifikaat moet gelewer word vanaf 'n dokter in geval van 'n aansteeklike siekte. Vir afwesigheid van drie dae of langer moet 'n mediese sertifikaat ingedien word.
- Toestemming om leerlinge uit die skool te hou, sal slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan word, bv. Sterftes in die familie en dringende mediese afsprake.
- Wanneer leerders gereeld afwesig is of 'n vaste patroon van afwesigheid toon, moet die voogonderwyser dit rapporteer aan die Departementshoof, Leerderondersteuning vir hantering.
- Agterstallige akademiese werk moet deur die leerlinge en ouers op eie verantwoordelikheid ingehaal word.

## *12. Besering of siekte*

Indien 'n leerling tydens skoolure BESEER of SIEK word, sal u as ouer deur die Voogonderwyser in kennis gestel word. Ouers, familie of gemagtigde persone wat leerlinge kom haal, moet die

uittekenregister teken. Die skool is nie ingerig om siek leerlinge te huisves nie. Ouers mag nie leerders wat siek is skooltoe stuur om in aanmerking te kom vir skoolbesoeksertifikate nie.

## *13. Allergieë*

Indien u kind allergies is vir iets, byvoorbeeld bysteek, gras of enige ander mediese probleme ondervind, moet dit onverwyld onder die aandag van die persoon verantwoordelik vir Leerling aangeleenthede en die Voogonderwyser gebring word.

## *14. Medisyne beleid*

Volgens die Departement van Onderwys mag geen medisyne van enige aard by die skool uitgedeel word deur Personeel nie. Ouers is self verantwoordelik vir die toediening van medisyne of deur die medisyne in te gee by die leerder se Voogonderwyser waar dit in die register aan- en afgeteken sal word.

## *15. Orde reëlings*

- Geen onderwyser mag in skoolure geskakel word nie, slegs in pouse.
- Afsprake met onderwysers moet persoonlik met die betrokke onderwyser gereël word.
- Die afhaal van leerders voor 13:30 moet slegs in uiterste gevalle oorweeg word.
- Beperk afsprake (dokter/tandarts) tydens skoolure tot die minimum en slegs in noodgevalle.
- Afwesighede moet vooraf per brief gereël word en is onderhewig aan toestemming deur hoof.
- Geen leerder word in klastyd na die kantoor ontbied nie.
- Leerders wat by die skool siek word of seerkry moet by die kantoor aanmeld. Geen leerder mag per selfoon sy ouer ontbied om hom/haar te kom haal nie.

## *16. Leerlingveiligheid*

- Toesig is slegs beskikbaar vanaf 06:45.
- Wanneer aandfunksies plaasvind, moet u asseblief sorg dat u, u kind stiptelik ontmoet tydens verdaging. Onder geen omstandighede word leerlinge toegelaat om buite die skoolterrein te wag of om op die sypaadjie te vergader nie.
- Skoolhekke word soggens om 07:00 gesluit. Laatkommers meld dan aan by die Ontvangs.

## *17. Op- en aflaai van leerders*

Die volgende reëlings geld vir die op- en aflaai van leerders om die verkeer rondom die skool te reguleer:

| | | |
|---|---|---|
| Graad R | : | By die Graad R Hekkie in Van Heerdenstraat |
| Graad 1-2 | : | By die hekke in Van Heerdenstraat |
| Graad 3-7 | : | By die hoofhek in Van Riebeeckstraat, Kleinhekkie in Bezuidenhoutstraat |

Geen motors word voor die motorhekke of binne die skoolterrein toegelaat nie. Geen leerders of ouers mag as voetganger gebruik maak van motorhekke nie. Die voorportaal by ontvangs word slegs gebruik deur ouers en besoekers. ***Geen leerder betree of verlaat die skoolterrein deur die voorportaal nie.***

### *18. Gebruik van telefoon en boodskappe*

- Slegs noodboodskappe word aan leerders oorgedra.
- Leerders word nie toegelaat om oproepe vanaf die kantoor te maak nie.
- Selfone by leerders is nie toelaatbaar nie. Indien leerder dit bring is dit op eie risiko, moet dit af en buite sig wees.

### *19. Verlore goedere*

Alle verlore goedere word of by ontvangs of in die boks langs geldkantoor geplaas. Die klere kan tydens skoolure deur leerders afgehaal word of gedurende klerebank tye.

- Woensdae, Vrydae: 12:45-13:15

# KURRIKULUM

## *AKADEMIES*

Die skool se akademiese sillabus word uitkomsgebaseerd aangebied.
Dit beteken dat:

- Alle leerders kan en moet baat vind by skoolgaan.
- Leerders moet aktief betrokke wees by die opbou van hul eie kennis, begrip en vaardighede.
- Meting moet fokus op wat die leerders bereik het en nie op hul tekortkominge nie.
- Leeraktiwiteite moet so saamgestel word dat leerders die leerproses as sinvol en verrykend vir persoonlike groei sal ervaar.
- Leerders moet dit wat hulle leer in die werklikheid kan toepas.
- Leerders moet op holistiese, geïntegreerde ontwikkeling fokus.
- Kreatiwiteit, weetgierigheid, onafhanklikheid, innerlike motivering en kritiese denke moet by leerders aangemoedig word.
- Die einddoel is om aan die behoefte van die arbeidsmark en hoër onderwys (tersiêre onderwys) kandidate te voorsien.

Die skool word in 2 Afdeling verdeel naamlik:

- Grondslagfase (Graad R-3)
- Seniorfase (Graad 4-7)

## *1. Grondslagfase (Graad 1-3)*

Die kurrikulum bestaan ui 3 leerareas naamlik:

- **Geletterdheid:** Afrikaans – Huistaal
  Engels – Eerste Addisionele Taal
  Sepedi – Tweede Addisionele Taal
- **Gesyferdheid:** Wiskunde
- **Lewensvaardigheid:** Bybelonderrig, Omgewingsleer, Musiek, Kuns en Grootmotoriese aktiwiteite.

## *2. Seniorfase – Intermediêr (Graad 4-7)*

Die volgende vakke word aangebied, naamlik:

- Afrikaans
- Engels
- Wiskunde
- Sosiale Wetenskap – Geskiedenis
- Sosiale Wetenskap – Aardrykskunde
- Natuurwetenskap
- Lewensvaardighede
- Ekonomiese en Bestuurwetenskappe (Slegs Graad 7 leerders)
- Tegnologie (Slegs Graad 7 leerders)

Voltydse personeel is betrokke by die aanbieding van die klasse. Die hoof, gesamentlik met sy bestuurspan en verteenwoordigers uit die personeel, beplan 'n raamwerk van aktiwiteite vir die jaar.

## *Leerderondersteuning*

Leerders met probleme word deur klasonderwyser geïdentifiseer. Die klasonderwyser verwys die leerder na die Ondersteuningsraad ("School Based Support Team"). 'n Onderhoud sal met die ouers gevoer word om die skool se bevinding en hulpverlening te bespreek.

## *SKOOLROOSTER:*

**Grondslagfase:**
Die skool begin om 07:00 vir alle leerders.
Graad R verdaag om 12:30
Graad 1 verdaag om 13:15
Graad 2-3 verdaag om 13:30
Pouse is vanaf 09:30 – 09:50
en 11:30 – 11:45

Die skool verdaag elke Vrydag om 12:30

**Seniorfase:**
Die skool begin om 07:00 vir alle leerders
En verdaag om 13:30 vir alle leerders
Rooster is soos volg:

- Die dag word verdeel in 11 periodes met 2 pouses.
- Pouse is vanaf 09:30 – 09:50 en 11:30 – 11:45
- Die skool funksioneer op 'n 6 dag

## *TOETSPERIODE: DINSDAE EN DONDERDAE*

- Algehele stilte word gehandhaaf tydens die toetsperiode vanaf 07:25 – 08:15
- Absolute eerlikheid word van leerders verwag.
- Leerders skryf toets in hulle registerklasse.
- Sieketoets word geskryf op eerste dag wat leerder weer teenwoordig is by die skool, behalwe as ander reëlings met vakonderwyser gemaak is.

## *EKSAMENS:*

- By Laerskool Krugerpark word daar twee eksamens per jaar geskryf soos deur die Departement bepaal, asook ŉ volledig toetsreeks wat elke Dinsdag en Donderdag geskied.
- Die eksamens vind plaas gedurende die tweede en laaste kwartaal vir promosiedoeleindes.
- ŉ Eksamen atmosfeer en toegewyde studie is ŉ voorvereiste. Leerders skryf in hul registerklasse of anders gereël.
- Onvanpaste optrede sal net soos in die geval van oneerlikheid, ernstig gestraf word.
- Indien ŉ leerder tydens die eksamen afwesig was, moet hy by die Adjunkhoof aanmeld. (met ŉ doktersbrief)
- Geen leerder mag gedurende die eksamen tuis bly nie. Ouers se positiewe samewerking word hier dringend gevra.

## *HUISWERK:*

- Dit is baie belangrik dat klaswerk tuis afgehandel moet word, indien dit nie in die klas voltooi is nie.

## *HUISWERKBOEKIE*

- Huiswerk word deur die skool voorsien aan Graad 4-7 leerders en moet daagliks in elke leerder se skooltas wees en deur ouers geteken word.
- Die Dissiplinestelsel is in die huiswerkboeke vervat.
- Indien leerder huiswerkboekie verloor, moet dit teen ŉ koste vervang word.

## *VERSLAGGEWING*

- Vorderingsverslae word aan die einde van elke kwartaal uitgereik. (Maart, Julie, Oktober, November)

- Ouers word deurgaans op hoogte gehou van die leerders se vordering, deur onder meer die volgende:
    - Oueraande vind plaas op die eerste Dinsdag van die kwartaal na die skool begin het.
    - Insae in en ondertekening van leerders se skrifte en huiswerkboek.
    - Individuele onderhoude word gereël met ouers wie se kinders akademiese uitvalle toon.
    - Hierdie onderhoude word hanteer deur die Departementshoof (Akademie).

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE

## SPORT

### Atletiek

- Tydens die eerste kwartaal.
- Massabyeenkoms – almal neem deel.
- Bokkesport in die eerste kwartaal.

### Bulletjierugby

- Bulletjierugby word aangebied ter bekendstelling van rugby.  Dit word deur die ouers self afgerig waar daar gefokus word op die vaardigheidsontwikkeling van die spelers.
- Bulletjierugby word van 0/6 – 0/8 gespeel.
- Begin Februarie en eindig in Junie.
- Oefentye: 17:00-18:00 op Maandae en Woensdae.

### Rugby

- Laerskool Krugerpark skryf A en B-spanne in vir ligawedstryde.  Omdat die meeste skole nie B-spanne het nie, speel Krugerpark se B-spanne teen P2-skole se A-spanne (vriendskaplik)
- Rugby word aangebied vir die volgende ouderdomsgroepe 0/9 – 0/13.
- Toere word ten volle deur ouers betaal.
- Rugby vind plaas in die eerste en tweede kwartaal.
- Vriendskaplike wedstryde word sover moontlik gereël ter voorbereiding van die seisoen.

### Mini-netbal

- Mini-netbal word aangebied aan dogtertjies vanaf 0/6 – 0/9.
- Mini-netbal bevorder vaardighede, balans, konsentrasie en sosialisering.
- Spanne bestaan ui 8 spelers en Mini-netbal reëls word gevolg, ruiling van speelsters.
- Mini-netbal is vriendskaplike wedstryde, waar die skool aan verskeie Mini-dae deelneem.
- Afrigting word deur ouers en personeel gedoen.
- 0/9 dogters speel Mini-netbal asook skole netbal.
- Oefentye is op Maandae en Woensdae op die perseel vir 0/8 – 0/9, en Dinsdae en Donderdae vir 0/6 – 0/7.

### Netbal

- Krugerpark skryf A en B-spanne in vir ligawedstryde.
- Netbal word aangebied vir dogters vanaf 0/9 – 0/13.
- Toere word ten volle deur ouers betaal.
- Netbal vind plaas in die eerste en tweede kwartaal.
- Vriendskaplike wedstryde word sover moontlik gereël ter voorbereiding van die seisoen.

## *Krieket*

- *Krugerpark* skryf 0/10A, 0/11A, 0/13A & B in die liga in soos dit beskikbaar is.
- 0/9 Krieket word wel bevorder.
- Wedstryde vind plaas op weekdae.

## *Tennis en Mini-Tennis*

- Graad 1-7.
- Elke kind is verantwoordelik vir sy eie toerusting.
- Word deur personeel afgerig.
- Ouderdomme is nie relevant nie maar wel vaardighede.
- Derde kwartaal is daar 'n Liga op Maandae en Woensdae.
- Dogter- en Seunspanne word afsonderlik gekies.
- Slegs A-spanne seuns en dogters neem deel aan die Super 12 kompetisie.

## *Hokkie*

- Krugerpark skryf 0/11 en 0/13 dogterspanne in die liga in soos bepaal deur Limpopo hokkie.
- Hokkie vind plaas in die derde kwartaal.
- Toere is ten volle deur die ouers betaalbaar.

## *Mini-hokkie*

- *Mini*-hokkie word aangebied vir dogters van 0/7 – 0/9.
- Mini-hokkie fokus op die vaardigheid ontwikkeling van die spelers.
- Spelers neem deel aan vriendskaplike mini-hokkie dae gedurende die derde kwartaal.

## *Landloop*

- Landloop oefening vind op Dinsdae en Donderdae plaas in die tweede en derde kwartaal.
- Alle ouderdomme is welkom by die landloop en daar vind ook verskeie ligas plaas.

## *Swem*

- Swem vind plaas in die eerste, derde en vierde kwartaal.
- Inligting is beskikbaar by die swem organiseerder van die skool.
- Indien swemmers verkies word tot die skool se swemspan, word daar twee keer per week saam geoefen in die skool se swembad. Die afrigting is gratis.
- Swemmers in die swemspan moet 'n swempet dra.

## *Bergfiets*

- Alle belangstellendes van Graad 1-7 kan aan bergfietsry deelneem.
- Voorseisoen oefening tydens kwartaal 1 en 2.
- Liga tydens kwartaal 3.
- Oefening: Maandae en Donderdae.

## *Gholf*

- Vir alle leerders van Graad 1-7.
- Limpopo Interlaer skolekompetisie.
- Slegs 'n amptelike liga vir die A-span van 4 spelers.
- Oefening: Leerders is self verantwoordelik vir gholf oefening.
- Vind plaas tydens kwartaal 3 en 4.

# KULTUUR

## *Kunswedstryde en Revues:*

- Daar is jaarliks kunswedstryde wat geleentheid bied vir leerders om hul talente te beoefen.
- Verskeie items word aangebied en die beoordelaars word met sorg gekies.
- Leerders skryf deur die skool in of onder privaat geaffilieerde afrigters.
- Afrigting word deur ervare onderwysers by die skool onderneem in poësie, gedramatiseerde poësie, drama, bladlees sang. Ons presteer jaarliks besonder goed in alle afdelings.
- Revues word ook elke tweede jaar op die planke gebring. Ons beskik oor toegewyde en ervare afrigters op ons personeel en waar nodig word kundiges ingehuur.
- Dis belangrik dat die massa in die optredes betrek word sodat die kind ook 'n kans kan kry om op hierdie gebied te ontwikkel.

## *Redenaars:*

- Vir alle belangstellende leerders van Graad 1-7.
- Een interne kompetisie vind plaas waar alle leerlinge geleentheid gegun word om deel te neem.
- Alle leerders kan deelneem aan Radikale Redenaars.

## *WOW Spelfees*

- Leerders van Graad 1-7 neem deel aan die Nasionale Kompetisie.

## *OP DIE TONG AF*

- Leerders van Graad 4-7 neem deel aan die Nasionale Kompetisie.

## *VAKOLIMPIADES*

Daar word jaarliks deelgeneem aan die ConQuesta Olimpiade in alle vakke vir Seniorfase Graad 4-7 en in Afrikaans, Wiskunde in die Grondslagfase Graad 1-3.

# FASILITEITE EN DIENSTE

## *Wagklas*

- Geen wagklas vir leerders nie.
- Geen kind mag die terrein verlaat as hulle ouers nog nie daar is om hulle af te haal nie.
- Toesig is tot 13:45 by die kleinhekkie in Van Heerdenstraat vir leerders van Graad 1-2.
- Graad 3-7 leerders wag by die hoofhek of die hek in Bezuidenhoutstraat.

- Sekuriteitsdienste is by die toegangshekke van die skool beskikbaar.

## ***Skoolklerewinkel***

**TYE:**

- Woensdae en Vrydae: 12:45 – 13:15
- Die skoolklerewinkel is agter die skool verby die snoepie aan die linkerkant.
- Ingang deur die skool, meld aan by die ontvangs.
- Slegs tweedehandse skoolklere word verkoop teen 'n minimale bedrag
- Geen rekeninge nie. Slegs Kontant by klereaankope.

## ***Snoepie (Byekorf)***

- Oop tydens pouses en na skool tot 16:00.
- Verkoop voedsame kos sowel as lekkernye.
- Oop tydens sportbyeenkomste en sekere funksies.

## ***Kommunikasie met ouers***

- Inligting word weekliks op Sosiale Media (FB, D6, en Whatsapp graad-groepe) geplaas soos benodig.
- Belangrike kennisgewings sowel as advertensies word daarin geplaas.
- Indien enige advertensie of kennisgewing geplaas wil word, moet toestemming by die hoof verkry word en kan u dit by die ontvangstoonbank plaas.

## ***School Communicator (D6)***

- Alle belangrike inligting, briewe, kennisgewings, toets- en eksamenafbakenings, ens. verskyn op die School Communicator (D6).
- Inligting word daagliks opdateer.
- Dit kan op u rekenaar en selfoon afgelaai word.
- Besoek www.school-communicator.com

## ***TOELATINGSVEREISTES, INSKRYWINGS EN REGISTRASIE VAN NUWE LEERDERS***

Wanneer leerders ingeskryf word, moet die volgende dokumente die aansoek vergesel:

- Geboortesertifikaat of Identiteitsdokument van die kind;
- Oorplasingskaart van vorige skool;
- Laaste vorderingsverslag / rapport;
- Bewys van woonadres waar leerder woon; (Munisipale- of Eskomrekening)
- Afskrifte van beide ouers se ID-dokumente;
- 2 x ID-foto's van leerder;
- Afskrif van Leerder se Immuniseringskaart;
- Afskrif van Mediesefondskaart.

## ***Kriteria vir toelating tot Graad 1:***

- Die jaar waarin 'n kleuter 7 word, is hy/sy skoolpligtig.

## ***Verlating van skool:***

- Twee maande vooraf skriftelike kennis om die leerder uit die skool te verwyder en hierdie verpligting sal geld ongeag die rede vir die verwydering van die leerder.

- Die ouer sal aanspreeklik wees vir die betaling van alle uitstaande skoolgeld tot die einde van die maand waarin die leerder uit die skool verwyder word.
- Maak seker dat u kind se oorplasingskaart die laaste skooldag afgehaal word.
- Alle handboeke moet terugbesorg word.  Waar leerders versuim, sal 'n rekening vir onmiddellike vereffening gelewer word.